Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

Nuwe

2

Kwartaal 4



Leerderboek

Funda Wande
Reading for Meaning

2

Kwartaal 4

Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

Leerderboek



Erkennings

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

Illustrasies

Baie dankie aan Anja Stoeckigt vir haar bydrae tot die meeste illustrasies in hierdie boek.

Ander illustrasies is verskaf deur: Crazy Cat: bl. 13, 22, 74–79; Patrick Latimer: bl. 27, 29, 31, 34, 46, 47; Creative House: bl. 33; Nelri Malan: bl. 36, 67; Alex Latimer: bl. 38, 44, 103; Jiggs Snaddon-Wood: bl. 70, 94–99, 100; Rassie Erasmus: klankwoorde.

Omslag

Anja Stoeckigt

Foto-erkennings

WikiCommons: bl. 3: Suid-Afrikaanse Toerisme (Groot Gat in Kimberley); bl. 4: Suid-Afrikaanse Toerisme (Mapungubwe); bl. 6: Dareen Glaville (Mandela-standbeeld in KZN); bl. 7: Suid-Afrikaanse Toerisme (Robbeneiland); bl. 18: Picasa (Tafelberg-sweefspoor); bl. 20: Hühnerauge; bl. 26: David Stanley (rotskuns); bl. 88: James St. John (weerkaatsende katoë); bl. 101: kunjan detroja (Hindoe-troue); Shutterstock: bl. 4: Ian Richter (Hartbeespoortdam); bl. 5: Volodymyr Burdiak (Groot Vyf); iStock: bl. 5: HomoCosmicos (Soweto-torings); bl. 13: LaylaBird (vriendelike vrou); bl. 57: Ig0rZh (sonsondergang); bl. 80: Kim Marriott (gespikkelde arendsuil); bl. 6: Clive Reid (Golden Gate Nasionale Park); bl. 18: Suid-Afrikaanse Nasionale Regering (landswapen); bl. 28: *World History Encyclopedia*/Jade Koekoe (kleitablet van Mesopotamië); bl. 30: Leo Reynolds (houtblokletters); bl. 59: Vincent van Gogh (*Starry Night*); NASA: bl. 60 (maan); bl. 60 (Internasionale ruimtestasie); bl. 60: ESA/Hubble (sterre).

Alle ander foto's is verskaf met toestemming: Freepik, Rawpixel en Pexels.

Eerste uitgawe uitgegee in 2026
deur Funda Wande, Kaapstad.

www.fundawande.org

ISBN: 9781997454069

Enigiemand is vry om die materiaal te **deel** (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of **aan te pas** (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:
Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Leerderboek, Graad 2, Kwartaal 4, CC BY 4.0.

Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.


Vir meer inligting: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/

Inhoud

Week 1	Suid-Afrika	2
Week 2	Suid-Afrika	16
Week 3	Maniere om te kommunikeer	26
Week 4	Maniere om te kommunikeer	41
Week 5	Wat snags gebeur	51
Week 6	Wat snags gebeur	66
Week 7	Nagdiere	74
Week 8	Nagdiere	88
Week 9	Spesiale tye saam met familie	94



Ikone


 Lees	 Skryf	 Klanke
 Aanvangskennis	 Kreatiewe Kunste	 Onafhanklike Werk

Suid-Afrika

Week 1 en 2




Regoor die land



Kom ons verbeel ons dat ons op reis deur Suid-Afrika gaan.

Watter interessante goed sal ons in elke provinsie sien?

Die Groot Gat in Kimberley in die Noord-Kaap was voorheen 'n diamantmyn, maar vandag is dit 'n museum.



Die Wes-Kaap is welbekend vir sy natuurlike skoonheid.

Tafelberg, in Kaapstad, is bekend regoor die wêreld.

In Noordwes kan ons watersport by die Hartebeespoortdam beoefen. Die damwal is in 1896 gebou.

In Limpopo kan ons by Mapungubwe van 'n antieke gemeenskap leer. 'n Duisend jaar gelede het mense daar 'n stad gebou.



Mpumalanga is bekend vir die Nasionale Krugerwildtuin, die grootste wildtuin in Suid-Afrika.



In Gauteng is daar baie interessante plekke om te besoek. Die watertorings in Soweto was voorheen deel van 'n kragstasie. Deesdae kan jy vanaf die torings rekspring.

Op pad deur die Vrystaat kan ons die Golden Gate Hoogland-Nasionale Park besoek. Die berge blink soos goud in die son.



In KwaZulu-Natal is daar 'n spesiale standbeeld wat ons aan ons eerste demokratiese president, Nelson Mandela, herinner.

In die Oos-Kaap is daar baie wonderlike goed om te sien. Die strande in Gqeberha is 'n goeie plek om te ontspan.



Terug in die Wes-Kaap. Ons kan meer van die Suid-Afrikaanse geskiedenis leer deur Robbeneiland te besoek.

Begrip

Lees die storie Regoor die land.
Beantwoord hierdie vrae in jou oefenboek.

1 Waar kan jy Tafelberg sien?
a. Oos-Kaap b. Wes-Kaap c. Noord-Kaap

2 Waar blink die berge soos goud?
a. Limpopo b. Mpumalanga c. Vrystaat

3 Skryf die letternommer van die provinsies om aan te dui in watter volgorde hulle besoek is.

a.	KwaZulu-Natal
b.	Wes-Kaap
c.	Limpopo
d.	Oos-Kaap
e.	Noordwes
f.	Vrystaat
g.	Mpumalanga
h.	Noord-Kaap
i.	Gauteng



4 Watter plek sal jy die graagste wil besoek? Waarom?

-ng



ring



sing



tong



tang

gang vang bang



me____



____oek



____aai

Die vrou wat sing, maak my bang.

Kom ons leer van Suid-Afrika

Hoofstede:
Pretoria en Kaapstad

Ander belangrike stede:
Johannesburg, Durban en Bloemfontein

Provinsies:
Noord-Kaap
Wes-Kaap
Oos-Kaap
Noordwes
Gauteng
Limpopo
Vrystaat
Mpumalanga
KwaZulu-Natal

Landswapen



Produkte
- Mynbou, vervaardiging
- Mielies, vrugte, suiker

Oseane: Indiese Oseaan, Atlantiese Oseaan

Klimaat:
- Die meeste dele van Suid-Afrika: somerreën
- Wes-Kaap: winterreën



11
amptelike tale

Kies die regte woord

Skryf die voltooide sinne in jou oefenboek.



bank



sing



sink



dink



tong



ring

1. Die voëls _____ mooi.
2. Die hond het 'n lang _____.
3. Ek trek geld by die _____.
4. Die skip _____.
5. Ek _____ voor ek doen.
6. Die vrou dra 'n goue _____.

-nk



ink



tenk



sink



dink

jonk mank klank



_____oen



ta_____



jo_____


Ek klank die woorde: jonk, bank, mank.

My land

Ek is lief vir my land!
Dit is soos ons vlag.
Blou soos die oseane en die lug.
Groen soos die gewasse en woude.
Geel soos die minerale van ons myne.
Rooi, swart en wit soos die moed
van ons mense,
Wat in eenheid voorwaarts
beweeg.

Identifiseer ons natuurlike nasionale simbole. Beantwoord die vrae in jou oefenboek.

1. In watter provinsie kom ons nasionale blom hoofsaaklik voor?
2. In watter provinsies kom ons nasionale vis NIE voor nie? Hoekom nie?
3. In watter provinsie kom nie een van ons nasionale simbole voor nie? Hoekom nie?
4. Sou jy ons nasionale boom wat veral in die Noord-Kaap voorkom, kan identifiseer? Hoekom?



Spoedlees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

kos	mes	kiep	som	soen
aan	koud	grap	wees	ring
hom	dag	kous	pas	deel
boos	leer	bek	tak	klank
pot	graaf	doof	hoes	poel
stoep	tien	deur	gat	tong
krom	fraai	self	wit	fluit
wet	draak	skeur	mier	dink
pyp	neut	klein	hoop	duim
ram	skoen	bring	kwaad	tenk

Skryf die datum en jou beste telling in jou oefenboek.



Lees in pare



Jan dink lank. Hy weet hulle is nog jonk, maar hy wil baie graag vir Susan vra om met hom te trou. Hy het die ring gekoop. Hy moes al sy geld uit die bank gaan trek om die ring te kon koop. Hy hoop Susan hou daarvan.

Hoekom moes Jan al sy geld trek?

Hy is regtig bang dat Susan “nee” sê as hy haar vra. Jan kan baie mooi sing. Hy besluit om vir Susan te sing. Dit klink vir haar tog te mooi. Sy dink nie twee keer nie; sy sê sommer dadelik “ja”. Sy hou ook baie van die ring. Jan is baie bly.



Sal jy daarvan hou as iemand vir jou sing?

BESOEK SUID-AFRIKA





Reis deur Suid-Afrika en vind self uit!

-lf



wolf



golf



kalf



salf

delf

self

half



te_____



e_____



ri_____

Jan smeer self salf aan die seer, want hy is al elf.

Nasionale simbole



1

2

3

4

5

6

7



Voltooi woorde en maak sinne

1 Voltooi die woorde. Skryf die woorde in jou oefenboek.

a. 

ri___

b. 

e___

c. 

sa___

d. 

ka___

e. 

wo___

f. 

go___

g. 

ta___

h. 

to___

2 Maak sinne met twee van die woorde. Skryf die sinne in jou oefenboek.

Die Uniegebou



Die Uniegebou is in Pretoria. Hierdie gebou is die amptelike hoofkantoor van die regering van Suid-Afrika. Die kantoor van die president van Suid-Afrika is in die Uniegebou. Baie belangrike gebeurtenisse het hier plaasgevind.

As jy na die prent kyk, sal jy sien dat die gebou simmetries is – die linker- en regterkant van die gebou is dieselfde. Ons sê hulle is spieëlbeelde.

1. Waarom is die Uniegebou in Pretoria?
2. Dink jy hierdie gebou is 'n simbool van eenheid?

-lk



melk



wolk



valk



balk

dalk

bulk

kelk



bu_____



si_____



ma_____

Die koei bulk toe die valk uit die wolk afduik
en op die balk kom sit.

Ons volkslied

Lees die woorde saam met jou onderwyser. Oefen die volkslied.

Nkosi sikelel' Afrika
Maluphakanyisw' uphondo lwayo
Yizwa imithandazo yethu
Nkosi sikelela, thina lusapho lwayo

Morena boloka setjhaba sa heso
O fedise dintwa le matshwenyeho
O se boloke, o se boloke setjhaba sa heso
Setjhaba sa South Afrika – South Afrika

Uit die blou van onse hemel
Uit die diepte van ons see
Oor ons ewige gebergtes
Waar die kranse antwoord gee

Sounds the call to come together
And united we shall stand
Let us live and strive for freedom
In South Africa our land

Skryf woorde en maak sinne

1 Skryf die woorde reg in jou oefenboek.

a. 

rtie

b. 

lfas

c. 

lkme

d. 

glfo

e. 

olfw

f. 

lkav

g. 

wlko

h. 

blku

2 Maak sinne met twee van die woorde. Skryf die sinne in jou oefenboek.



Lees in pare



Pieter is elf. Hy bly op ’n plaas. Hy help elke dag sy pa om vir Blom, die koei, te melk. Pieter se pa smeer salf aan die koei se spene voordat hy haar melk. Dit help dat die koei se spene nie seer raak nie. Pieter kan al self vir Blom melk.

Hoe oud is Pieter?


Vroeg een dag bulk Blom hard. Pieter en sy pa gaan kyk wat haar pla. Dalk is dit weer die valk. Of dalk is daar ’n wolf. Maar dit is nie die valk of ’n wolf nie. Blom bulk, want sy gaan ’n kalfie kry.



Hoekom het Blom gebulk?

Maniere om te kommunikeer

Week 3 en 4



Die geskiedenis van skrif




Voordat skrif bestaan het, moes mense vir mekaar alles vertel wat hulle moes weet. Hulle moes ook onthou wat hulle gehoor het.

Later het mense begin om prente te teken om hulle te help om te onthou wat gebeur het. Vandag kan ons nog van hierdie prente in grotte sien.

Om prente te teken het baie lank geneem. Mense het daarom begin om eenvoudige simbole te gebruik. Die simbole het sekere idees voorgestel.

As hulle vir iemand van hitte of lig wou vertel, het hulle ’n prent van die son geteken.



vis



os



son



graan

Ongeveer 5 000 jaar gelede, het die leiers van Mesopotamië 'n skerp stok gebruik om merke op klei te maak. Hierdie tablet gee inligting oor gars.



Die Egiptenare het simbole begin teken wat met klank in spraak verbind is. Hierdie tipe skrif is hiërogliewe genoem. Hulle het geskryf op papier wat van riete gemaak is.



In China gebruik die mense simbole om sekere idees voor te stel. Kyk na al die idees in die simbool vir luister! Die ou Chinese het gewoonlik in vertikale kolomme geskryf wat regs bo op die bladsy begin het.




Arabies word van regs na links geskryf en gelees. Arabiese skrif het 28 letters wat klanke voorstel.



أَنَا أَشْعُرُ بِالسَّعَادَةِ عِنْدَمَا تَحْكِي لَنَا جَدَّتِي القِصَصَ كُلَّ لَيْلَةٍ.

Ek is gelukkig as my ouma in die aand vir ons stories vertel.

Baie tale word geskryf deur die alfabet te gebruik. Die alfabet is heel eerste in antieke Rome gebruik. Die alfabet bestaan uit 26 letters. Elke letter stel 'n klank voor. Ons lees hierdie alfabet van links na regs, en van bo na onder op 'n bladsy.



Hierdie alfabet kan in verskillende style geskryf word.





Skryf is baie belangrik. Mense kan lees wat op enige plek in die wêreld geskryf is.

Skryf help ook om ons idees en woorde te deel met mense wat ná ons gaan leef.

-ns



dans



bons



gans



kuns

lens kans guns



le____



me____



go____

Almal kry ’n kans om te dans.



Chinese skrif

Jy gaan 'n waaier maak en dit dan met Chinese karakters versier. Gebruik 'n verfkwas en ink om die Chinese karakters op 'n stuk papier te verf.



日
son

月
maan

木
boom


山
berg

水
water

Skryf soos 'n antieke Egiptenaar

Lank gelede het die mense van Egipte prenteskrif gebruik en dit is **hiërogliewe** of **beeldskrif** genoem.

Dié simbole is op spesiale papier, naamlik **papirus**, geskryf.



Kyk na die hiërogliewe (beeldskrif). Kan jy jou naam skryf deur hierdie simbole te gebruik?

Kies die regte woord

Skryf die voltooide sinne in jou oefenboek.



dans



mens



bons



kuns



wens



gans

1. Die meisie hou van _____.
2. Ek maak 'n _____ as ek verjaar.
3. Daar stap 'n mak _____ op die werf.
4. God het die _____ gemaak.
5. Sy _____ die bal.
6. Ek hou van _____ doen.

Geheime boodskappe

1 Teken die tabel in jou oefenboek. Skryf 'n getal by elke letter.


2 Skryf 'n geheime boodskap deur die kode in die tabel te gebruik.

a 1	b 2	c 3	d	e	f
g	h	i	j	k	l
m	n	o	p	q	r
s	t	u	v	w	x
y	z				

Hier is 'n paar prettige maniere om 'n geheime boodskap te skryf:

- Skryf woorde agterstevoor, byvoorbeeld, Maandag = gadnaam
- Gebruik 'n vuurhoutjie en suurlemoensap om op papier te skryf. Die boodskap sal onsigbaar wees totdat jy dit in die warm son sit.





-nt



tent



lint



munt



plant

bont punt kant



bo_____



wo_____



ri_____

Mamma sit 'n bont lint in my hare.

Pratende tromme



Lank gelede het mense tromme gebruik om seine te stuur na mense wat baie ver weg was. Hierdie seine het die mense teen gevare gewaarsku of goeie nuus oorgedra.

Elke tromslag het iets spesiaals beteken. Mense is geleer hoe om die tromme te slaan om boodskappe te stuur.

Vandag word tromme meestal vir seremonies, musiek en dans gebruik.



Spoedlees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

gaan	byt	hek	pop	haar
mes	roer	kraak	die	mens
wen	vies	blaas	toor	kar
nek	skoen	kuif	sug	bont
maal	straat	lou	dik	groen
voel	ink	draf	reg	kans
ken	neut	fiets	boom	kies
koes	gooi	bang	sit	wolk
bos	kreun	nuut	rus	delf
jy	vleis	want	graaf	tent

Skryf die datum en jou beste telling in jou oefenboek.



Lees in pare



Talie hou van dans. Sy dans as sy die kans kry. Sy hou van die musiek wat in haar ore gons. Sy wens sy kan elke dag dans. Haar ma sit vir haar bont linte in haar hare. Die linte wieg heen en weer as Talie dans.

Wat het Talia se ma in haar hare gesit?

Tommie hou van kuns. Hy hou van die bont kleure, want dit laat hom bly voel. Hy druk die punt van die kwas in die verf en laat dit oor die papier gly. Hy verf 'n tent en 'n plant. Hy verf ook 'n gans. Hy wens hy kan elke dag kuns doen.



Wat het Tommie geverf?

Kommunikeer sonder woorde

Watter gevoelens dui hierdie emoji's aan?

1 

2 

3 

4 

5 

6 


7 

8 

9 

10 

11 

12 

geïrriteerd

laf

verlief

koel

gelukkig

slaperig

kwaad

laggend

bekommerd

verward

hartseer

bang

Watter vrae het jy oor kommunikasie sonder woorde?

-nd




hond



hand



land



brand

wond vriend grond



bo_____



mo_____



wo_____

Die hond red sy vriend uit die brand.

Voltooi woorde en maak sinne

1 Voltooi die woorde. Skryf die woorde in jou oefenboek.

a. 

ho___

b. 

mu___

c. 

te___

d. 

pla___

e. 

li___

f. 

ha___

g. 

la___

h. 

mo___

2 Maak sinne met twee van die woorde. Skryf die sinne in jou oefenboek.

Begrip sonder woorde

Ons kan inligting deel sonder om te praat. Kyk na die prent en kyk hoe hierdie mense hul liggame gebruik om te "praat".

Skryf die nommer en die woord(e) wat ooreenstem in jou oefenboek neer.



-mp



lamp



romp



hemp



kamp

pomp lomp stamp



pla____



sto____




si____

Sy dra 'n pienk hemp en romp, en koop
'n lamp vir die kamp.

Aanwysings

Lees die aanwysings. Waarheen gaan Paul?

1. Begin by Paul se huis. Loop al langs Hoofweg.
2. Kruis die pad by Wesstraat en Hadedalaan.
3. Ná die restaurant, draai links.
4. Loop al langs Skoolstraat.
5. Gaan verby Jennilee se huis en die polisiestasie.
6. Jou bestemming is aan die regterkant.



Gee vir jou maat aanwysings om van die skool na enige plek op die kaart te gaan.



Begrip



Kyk na die kaart op bladsy 46.
Beantwoord hierdie vrae
in jou oefenboek.

1. Is die supermark in Jabu Ndlovustraat of Proteastraat?



2. Is Jennilee se huis in Skoolweg of Wesstraat?

3. Is Paul se huis in Madibastraat of Hoofweg?



4. Is die polisiestasie in Hadedalaan of Madibastraat?

5. Is die polisiestasie oos of wes van die skool?

6. Op watter pad is die skool?

7. Wat is op die hoek van Skoolweg en Hoofweg?

8. Beskryf twee roetes om van Tutupark tot by die skool te kom.





Skryf woorde en maak sinne

1 Skryf die woorde reg in jou oefenboek.

a.  rtie	b.  ndho
c.  mpeh	d.  rmpo
e.  mpka	f.  mpla
g.  ndabr	h.  ievrnd

2 Maak sinne met twee van die woorde. Skryf die sinne in jou oefenboek.



Lees in pare



Zak en sy hond, Buks, kamp graag. Hulle bly in 'n tent. Buks is 'n bont hond. Hy is ook Zak se beste vriend. Buks het Zak se lewe gered toe daar 'n brand naby die tent was. Hy het geblaf en geblaf en Zak se hand gelek. Hy het Zak se hemp getrek.

Hoe het Buks vir Zak gered?

Zak speel saam met Buks. Hy bons die bal vir hom. Hulle rol in die sand. Hulle speel op die strand. Hulle sing en hulle dans. Hulle stap graag rond. Zak wens dat Buks vir altyd by hom kan bly, want hy is baie lief vir Buks.



Wat doen Zak en Buks alles?

Wat snags gebeur

Week 5 en 6



Sipho se droom



Een nag het Sipho 'n vreemde droom gehad. Hy het gedroom dat hy 'n ou man ontmoet het. In sy droom het die ou man met hom gepraat.

Die volgende oggend het Sipho vir sy ouma van sy droom vertel.

Ouma het vir Sipho gevra hoe die man gelyk het.
Toe het sy vir Sipho 'n foto van sy oupa gewys.

"Ek dink dit is 'n baie spesiale droom," het Ouma gesê.


Sipho het vir Ouma gesê: "Die ou man het vir my gesê om *Ons onthou* saam met Ouma op TV te kyk."



Daardie aand het Sipho en sy ouma *Ons onthou* op TV gekyk. 'n Ou vrou het op die skerm verskyn. "Ek is op soek na my broer se familie," het sy gesê.

Sipho se ouma was verstom. "Kyk!" het sy gesê. "Dit is 'n foto van jou oupa!"





Die dame op TV het gesê: “Ek is Dawa Gumede. My broer se naam is Banga Gumede. Ons woon in Eshowe.”

“Ek kan dit nie glo nie!” het Ouma gesê. Sy het dadelik die nommer geskakel.



Die *Ons onthou* TV-span het vir Dawa na Ouma se huis geneem. Die twee ou dames het gesit en gesels en gesels. Hulle het gehuil en mekaar omhels en gelag en weer gehuil.



Dawa het vir Sipho omhels en gesê dat hy nes sy oupa lyk.

Sipho het gesê: “Hy het gehelp om jou te vind. In my droom.”

“Miskien het hy,” het Ouma gesê en geglimlag.

Nag

Nag is die tyd wanneer dit donker is – tussen sonsondergang en sonsopkoms. In die nag kan ons die maan en die flikkerende sterre sien. Die meeste mense slaap snags. Party diere is snags aktief.

Watter vrae het jy oor die nag?

-rg



berg



dwerg



terg



wurg

erg sorg borg



he_____



ro_____



be_____

Die dwerg terg almal op die berg.



Sterrenag



Verlede kwartaal het ons na 'n skildery van Vincent van Gogh genaamd *Sunflowers* gekyk. Die skildery hierbo is die *Starry Night* genoem. Let op die warrelende en golwende lyne en die kunstenaar se kort kwasstrepe.

Watter kleure kan jy in hierdie skildery sien?
Hoe laat dit jou voel?

Die naghemel

Die maan



Die maan is die maklikste om te sien, want dit lyk die grootste. Die maan wentel om die aarde. Dit het nie sy eie lig nie. Ons kan die sonstrale teen die oppervlak van die maan sien weerkaats.

Sterre



Sterre is groot, gloeiende balle gas. Hulle gee hulle eie lig. Die ster naaste aan die aarde is die son. Die meeste klein liggies wat ons snags in die lug sien, is sterre. Die meeste sterre is baie, baie ver weg.

Die Melkweg



Die Melkweg is die sonnestelsel waarin ons woon. Dit is 'n groepering van omtrent 200 biljoen sterre. Snags lyk dit soos 'n helder wit streep in die lug.

Mensgemaakte voorwerpe




Wanneer die son op satelliete skyn, kan ons sien hoe hulle in die lug beweeg. Party aande kan ons die Internasionale Ruimtestasie sonder 'n teleskoop sien. Kyk vir 'n helder, vinnige lig wat nie flikker nie.

Kies die regte woord

Skryf die voltooide sinne in jou oefenboek.



dwerg



murg

wurg



berg



sorg





terg

1. Die boef _____ die man.
2. Frik klim die _____.
3. Daar is ’n _____ in ons tuin.
4. Die hoender _____ vir haar kuikens.
5. Hy eet die _____ uit die been.
6. Die seuns _____ die meisies.

-rk



kerk



vark



hark



vurk

mark werk sterk



ste_____



sto_____



pla_____

Die sterk man werk hard met die hark by die kerk.

Kyk na die maan

Die maan produseer nie sy eie lig nie. Die kant van die maan wat na die son wys, lyk helder omdat dit lig van die son weerkaats. Dit gebeur in die dag sowel as in die nag.



Soos die maan om die aarde wentel, sien ons verskillende dele van die maan se helder kant. Soms sien ons niks van die helder kant van die maan nie (nuwemaan), en soms sien ons die hele helder kant (volmaan). Dit hang alles af van die posisie van die son, die maan en die aarde.



Spoedlees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

kras	eet	hou	gom	ring
stoel	rol	skaap	maag	melk
mou	van	hut	kas	vark
hout	raak	gly	tot	speel
vlieg	laag	vlag	weet	berg
drink	man	krul	lees	loop
vlek	skaam	water	mag	vurk
stad	sit	wild	wiel	terg
teken	kraal	hang	ma	dwerg
kras	neem	vuur	vier	groei

Skryf die datum en jou beste telling in jou oefenboek.



Lees in pare



Bo-op die berg bly 'n sterk man. Hy werk baie hard. Hy hark elke dag die blare. Hy gee die vark kos. Hy neem die vrugte na die mark. Hy sorg vir die mense op die dorp. Hy is vriende met die man van die kerk.

Waar bly die sterk man?

Onder teen die berg bly 'n dwerg. Hy is nie sterk nie. Die mense van die dorp terg die dwerg. Dit is vir hom baie erg. Hy wens hy was ook sterk. Die man van die kerk praat met die mense. Hulle sal nie weer die dwerg terg nie.



Waar bly die dwerg?


-rm



wurm



storm



vorm




arm

warm kerm derm



wa_____



be_____



vu_____

Die klip beskerm die wurm teen die storm.

Bakkers werk in die nag



'n Bakker werk gedurende die nag om brood te bak wat vars in die oggend is. Dit neem lank om brood te bak, want die gis in die deeg moet groei (rys) om die brood donsig te maak.

Broodresep

1  Meng die gis met water en wag totdat dit begin borrel.	2  Meng die meel en sout daarby en knie totdat die deeg glad is.
3  Laat die deeg staan totdat dit twee keer groter rys.	4  Plaas die deeg in broodpanne en laat dit weer rys.
5  Bak in 'n warm oond.	6  Die brood is gereed om verpak en verkoop te word.

Van watter soort brood hou jy?

Voltooi woorde en maak sinne

1 Voltooi die woorde. Skryf die woorde in jou oefenboek.

a. 

va____

b. 

vo____

c. 

wu____

d. 

ke____

e. 

vu____

f. 

sto____

g. 

wa____

h. 

ha____

2 Maak sinne met twee van die woorde. Skryf die sinne in jou oefenboek.


-rp



serp



slurp



harp



dorp

skerp karp tjirp



ske_____



wu_____



vo_____

Die vrou met die serp speel op haar harp in die dorp.

Slaaptyd-roetine









Gesels oor die prent. Watter van die volgende doen jy saans? Gebruik die woorde: **eerste**, **toe** en **daarna**, wanneer jy praat.

Skryf een ding neer wat jy doen as dit slaaptyd is.







Skryf woorde en maak sinne

1 Skryf die woorde reg in jou oefenboek.

a.  rtie	b.  rmwu
c.  rpslu	d.  strmo
e.  rpes	f.  rpah
g.  rpdo	h.  armw

2 Maak sinne met twee van die woorde. Skryf die sinne in jou oefenboek.



Lees in pare



Dit is ’n warm dag toe Wurm uit die grond kruip. Hy soek ’n bietjie water en slurp die druppels op. Toe kruip hy onder ’n blaar weg om hom teen die son te beskerm. Hy hoor ’n swerm voëls kerm. Hulle kom van die dorp af.

Het die wurm warm of koud gekry?


Wurm weet hy moet homself nie net teen die son beskerm nie. Hy moet oppas vir die voëls ook. Hulle tjirp en kerm, tjirp en kerm. Hulle wil kos hê. Met hulle skerp bekke pik hulle naby hom. ’n Storm steek op en die voëls vlieg weg. Wurm is veilig.



Wat wou die voëls hê?

Nagdiere

Week 7 en 8



Die uil-storie



Eendag, lank, lank gelede het ’n baie ou dame aan die einde van haar lewe gekom. Sy het ’n baie gelukkige lewe gehad.



Sy het in haar bed gelê en gewens dat sy die uil net nog ’n laaste maal kon hoor roep.


Die uil het haar wens gehoor. Hy het haar geroep: “Hoe-hoeeee! Hoe-hoeeee!” Toe het hy weggevlieg om rotte te gaan jag.



Die ou vrou se seun het baie hartseer gevoel dat sy mamma gesterf het. Hy het gedink dat dit die uil se skuld was dat sy mamma gesterf het.

Hy het vir die mense wat daar naby gebly het, gesê om die uile weg te jaag. Hy het gesê dat, as hy die uil weggejaag het, sy mamma nog sou geleef het. Die mense het die uile van die dorpie af weggejaag.





Die uile het van die dorpie af weggevlieg.
Hulle het op ander plekke gaan rotte jag.

Maar omdat die uile weg was, het die rotte wat nog daar was uit die gate gekom waar hulle weggekruip het.

Die rotte het al die kos in die dorpie opgeëet.
Hulle het vet geword en baie baba-rotte gekry.
Toe het die slange gekom om die rotte te eet.

Dit is hoekom, wanneer mense uile wegjaag, daar baie rotte is wat die mense se kos opeet. Daar is ook baie slange wat die rotte kom eet.



Nagdiere



Uile is nagdiere. Dit beteken hulle slaap gedurende die dag en is wakker en aktief in die nag. Hulle is roofvoëls wat insekte en klein diertjies jag en eet. Uile kan baie goed in die nag sien. Hulle kan ook baie goed hoor.

Watter vrae het jy oor diere wat in die nag aktief is?

-rs



kers



wors




mors



pers

dors vers kners



ha____



do____



slu____

Die boer pars die vars druiwe en dors die gars.

Nagdiere

Hierdie diere kom snags uit.

	Hoe dit beweeg	Wat dit eet	Liggaams-bedekking
Jakkals 	loop, draf, hardloop kan teen 60 km/h hardloop	klein bokkies, reptiele, insekte, voëls, vrugte, bessies	bruin en swart pels
Ystervark 	loop, waggel, hardloop kan teen 3 km/h hardloop	bas, bolle, vrugte wat van bome afval en wortels	pels en veerpenne
Uil 	vlieg, hop op die grond kan teen 60 km/h vlieg	rotte, muise, klein soogdiere en voëls, insekte, veral motte	vere
Erdvark 	loop, hardloop kan teen 40 km/h hardloop	miere en termiete wat hulle met hul skerp kloue uitgrawe	growwe hare ver uitmekaar

Vir watter nagdier is jy die bangste? Waarom?

Kies die regte woord

Skryf die voltooide sinne in jou oefenboek.



wors



pars

kers



dors



vars

pers

1 Die boer _____ die druiwe.

2 Die atleet is _____.

3 Ek verf my kamer _____.

4 Daar is _____ in die pan.

5 Ons steek 'n _____ an.

6 Die brood is _____.

Meer oor nagdiere

Skryf die naam van elke dier neer. Skryf dan al die woorde wat dit beskryf langs elke dierenaam.

ligste

sagste

skerpste





vinnigste

eet net vleis





eet vleis en plante

eet net plante

-rt



tert



kort



stort



kaart

soort beurt hart



pe_____



wo_____



ha _____

Dit is die kort man se beurt om met sy kaart vir die tert te betaal.




Spoedlees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

klim	aan	sag	teen	vars
om	een	leer	sy	gee
teken	vang	wie	foon	mors
drink	jaar	mak	neem	swart
uit	met	ly	nuut	beurt
hele	brood	na	blou	dink
rooi	dit	wes	tog	soort
speel	gaan	ham	tyd	hart
lug	wees	kies	weg	kners
blik	sent	lief	vlieg	eers

Skryf die datum en jou beste telling in jou oefenboek.



Lees in pare



Boer Jaap steek die kers aan en kom sit om sy aandete te geniet. Hy eet vars brood en wors. Hy het pas klaar gestort. Sy hart is bly oor die gars wat so mooi op die land staan. Môre sal hy dit dors.

Wat eet boer Jaap?

Boer Jaap staan vroeg in die oggend op. Hy mors nie tyd nie. Daar is baie om te doen. Vandag moet hy eers die gars dors en dan die druiwe pars. Hy dink die dag gaan dalk te kort wees om alles te doen.



Wat moet Boer Jaap alles doen?

-rd



perd



baard



swaard



bord

hard koord woord



koo____



be____



ha____

Die man met die baard vat sy swaard
en klim op sy perd.

Sien in die donker

**Diere wat snags aktief is,
kan in die donker sien.**



'n Uil het baie groot oë. Hulle is omtrent die helfte van 'n uil se kop.



Die pupil van 'n krokodil se oog is soos 'n gleuf. Dit kan wyer word om meer lig in te laat.



Katte het 'n laag in hul oë wat lig weerkaats. Dit help hulle om in die donker te jag.

Interessante feit: Nie alle nagdiere maak staat op hul oë in die donker nie. Vlermuise gebruik byvoorbeeld klankeggo's om hul pad in die donker te vind.

-ts



fiets



rots



maats



bots

toets blits rats



bli_____



wa_____



se_____

Die maats ry rats met hul fietse,
maar bots toe teen iets.

Skryf woorde en maak sinne

1 Skryf die woorde reg in jou oefenboek.

a. 

rtie

b. 

eifts

c. 

aardsw

d. 

rdpe

e. 

tsmaa

f. 

rtso

g. 

rdaab

h. 

rdob

2 Maak sinne met twee van die woorde. Skryf die sinne in jou oefenboek.



Lees in pare



Oupa het ’n perd. Die perd spits sy ore as hy vir Oupa hoor. Oupa klim op sy perd en ry deur die boord. Soms is hy soos blits terug, en soms is hy nie so rats nie. Oupa se baard waai in die wind as hy vinnig met sy perd ry.

Wat doen die perd as hy vir Oupa hoor?

Oupa het ook ’n Ford. Die Ford kan baie hard raas. Oupa is trots op sy Ford. Ek en my maats ry graag saam met Oupa in sy Ford. Ons por hom aan om vinnig te ry. Dit is lekker om saam met Oupa in sy Ford te ry.



Wie ry graag saam met Oupa?

Spesiale tye saam met familie

Week 9



Dora, die blommemeisie



Dora se ma vertel vir haar dat haar tannie gedurende die Desembervakansie gaan trou en dat sy wil hê dat Dora 'n blommemeisie by haar troue moet wees.

Dora is baie opgewonde. Sy was nog nooit in KwaZulu-Natal waar haar tannie woon nie.



“Sjoe!” sê sy, “ek, ’n blommemeisie! Ek kan nie wag om vir my maats te vertel nie!” Sy dans en waai haar arms in die lug. Haar mamma en ouma lag net.


Toe vra Dora: “Wat doen ’n blommemeisie?
Wat gaan ek aantrek?”



Haar mamma sê: “Ons gaan vir jou ’n pragtige rok met ’n groot strik agterop maak, en jy gaan blomme in jou hare dra. Jy speel ’n belangrike rol by die troue.”

Dora is dadelik bekommerd. “Gaan ek die enigste blommemeisie wees? Ek dink ek mag dalk bietjie senuagtig op my eie in die kerk wees.”

“Moenie bekommerd wees nie,” sê haar mamma, “jou niggie, Zandile, gaan ook ’n blommemeisie wees. Julle gaan voor die bruid by die kerk inloop.”



Dora se mamma vertel vir haar dat die kerkseremonie net die eerste deel van die troue sal wees. Sy sê: “Daarna sal ons ’n groot onthaal of troupartytjie hê. Dit sal in ’n baie groot, wit tent wees. Daar sal baie lekker en heerlike kos wees om te eet, en jy en Zandile mag ook dans.”





Ouma sê dat hulle die volgende dag na die tradisionele seremonie by die bruidegom se huis sal gaan. “Ons sal vir jou spesiale klere maak en jy sal ook tradisionele danse saam met die ander meisies dans.”

“Dit gaan die beste naweek van my lewe wees!” sê Dora.



Begrip

Lees die storie Dora, die blommemeisie.
Beantwoord hierdie vrae in jou oefenboek.

1 Wie het vir Dora van die troue vertel?

a. haar mamma
b. haar ouma
c. Zandile



2 Watter spesiale klere gaan Dora dra?

a. 'n wit rok
b. blomme in haar hare
c. 'n gekleurde rok

3 Die storie _____.

a. gebeur nou
b. het reeds gebeur
c. gaan nog gebeur

4 Wat doen 'n blommemeisie by 'n troue?

5 Waar sal die tradisionele seremonie gehou word?

Feesvieringe



Ons families en gemeenskappe vier belangrike kulturele gebeurtenisse op verskillende maniere. Ons vier byvoorbeeld troues op verskillende maniere.

Wat vier julle aan die einde van die jaar?
Watter vrae het julle oor jaareindfeesvieringe?

-nk



ink



tenk



sink



dink

jonk mank klank



_____oen



ta_____



jo_____

Die man in die tenk dink hy kan die skip laat sink.

Spesiale feeste

Hindoes vier **Diwali, die Fees van die Ligte**, aan die begin van November. Gebede hou vir drie tot vyf dae aan. Mense steek diya-lampe aan.





Moslems vier **Eid-Al-Fitr** aan die einde van Ramadaan. Die datum verander elke jaar. Die vieringe hou vir drie dae aan. Hulle gee geskenke aan vriende en familie en kos vir die armes.

Christene vier **Kersfees** op 25 Desember om die geboorte van Jesus te herdenk. Hulle versier hulle huise en gaan kerk toe.



Kies die regte woord

Skryf die voltooide sinne in jou oefenboek.



sink



j-o-nk

klank



dink



skip



mank

jonk



1 Die meisie is nog _____.

2 Ons vaar met 'n groot _____.

3 Die _____ vrou loop met 'n kruk.

4 Ek _____ aan 'n plan.

5 Die boot _____.

6 Ek _____ die woorde.


-rm



wurm



storm



vorm



arm

warm kerm derm







_____rm _____rg _____rk

Die wurm kerm, want hy kry warm.

Wat het ek geleer?

Praat oor wat jy in hierdie temas geleer het.



Ek is spesiaal



Grond



Wat ons nodig het om te leef



Vervoer



Die seisoene



Suid-Afrika



Dierehuise



Wat in die nag gebeur

Watter tema het jy die meeste geniet?



Spoedlees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

ook	sing	lees	beste	mense
ons	vol	moet	snaaks	skink
sny	skop	warm	doen	wurm
land	koud	werk	gehad	pot
ver	waarom	melk	bad	spring
goed	te	lig	môre	skryf
vandag	kry	nooit	tand	seer
stop	want	swem	hond	tenk
tafel	verf	vroeg	water	proe
tuin	tak	lag	vier	storm

Skryf die datum en jou beste telling in jou oefenboek.



Lees in pare



Stella trek haar hemp en romp aan, want sy verjaar vandag. Mamma het koek gebak en hulle het gesing en die kersies geblaas. Sy kan nie wag dat Pappa huis toe kom nie, want hy bring vir haar 'n geskenk. Sy dink en dink wat dit kan wees. Dalk is dit 'n fiets.

Wat, dink jy, gaan Stella kry?

Teen sesuur is Pappa by die huis. Stella is soos blits by die deur. Sy kan sien dis nie 'n fiets nie. Pappa gee vir haar 'n boks. Sy maak dit oop. Dis die mooiste bont varkie. Sy druk die warm lyfie teen haar vas. Dis die beste geskenk ooit.



Het Stella van haar geskenk gehou?

Funda Wande
Reading for Meaning

My nuus

Vandag wil ek julle vertel van ...



Wanneer?



Wie?



Waar?



Wat het gebeur?



Ek het ... gevoel.
Omdat ...

Western Cape Government
Education
FOR YOU

creative commons
CC-BY- 4.0

ISBN 978-1-997454-06-9
9 781997 454069